# HOOFSTUK 8

# DIE WEERBAARMAKING VAN DIE VAALDRIEHOEKSE JEUG

## 8.1 INLEIDING

Destyds is geglo dat die jeug een van die vyand se teikenareas was en daarom het skole op ideologiese, en politieke en sielkundige terrein 'n voorbereidingstaak gehad. Die weermag was as gevolg van kadette nou verbonde aan skool-aktiwiteite en was op versoek ook by die jeugweerbaarheidsprogram van skole betrokke.[1] Ten einde die aanslag af te weer, het dit 'n nasionale spanpoging geverg waarby ook die onderwysers betrek moes word.[2] Deur middel van die media en besoeke van die weermag en polisie aan skole, is die jeug van die kommunistiese aanslag bewus gemaak. Seuns is deur middel van kadette gemilitariseer.[3] Kinders is ook deur middel van jeugweerbaarheidsprogramme en veldskole bereik. Skooluniforms, betrokkenheid by fondsinsamelings vir die weermag, lyfstraf, die geskiedenis-sillabus, die prefekstelsel en die klem op hiërargie is as ander vorme van militarisering in blanke skole beskou.[4]

Die weermag se beleid ten opsigte van die jeug is soos volg geformuleer:

- Dit is belangrik om die jeug van die verdedigingsfamilie teen die vyand te mobiliseer.

---

[1] E. F. Wehrmann, "Waarom veg ons? ...Hoe weerbaar is die jeug van SA?", *Paratus*, 31(4), April 1980, p. 20; Vgl. ook MAV, p. 28. 23111999, Muller, J. J. P., (57) Drie Riviere.

[2] Anon, "Kitsnuus: Onderwysers kan help om die aanslag af te weer", *Paratus*, 32(3), Maart 1981, p. 65.

[3] TRC, *Volume four: Truth and reconciliation commission of South Africa report* (Cape Town, Juta, 1998), p. 257; G. Evans, Classrooms of war: The militarisation of white South African schooling in J. Cock & L. Nathan (eds.), *War and society: The militarisation of South Africa* (Johannesburg, David Phillip, 1989), p. 283.

[4] Vgl. G. Evans, Classrooms of war: The militarisation of white South African schooling in J. Cock & L. Nathan (eds.), *War and society: The militarisation of South Africa*, p. 294.

- Die hele spektrum van die verdedigingsmag en mense daarby betrokke, behoort beïnvloed te word.[5]

## 8.2 JEUGWEERBAARHEID

Die jeugweerbaarheidprogram is reeds in die vroeë sewentigerjare by skole ingefaseer.[6] Die leerplan vir jeugweerbaarheid op skool het talle aspekte gedek wat deur burgerlike beskerming voorsien is.[7] In 'n artikel wat in *Paratus* van September 1974 verskyn het, is gemeen dat die leefsituasie sodanig verander het dat dit nodig was dat skanse gebou moes word teen die toenemende invloed van morele disintegrasie, maatskaplike integrasie en die fisiese bedreiging van terroriste op die landsgrense.[8] Benewens die kadetprogram vir seuns, het 'n burgerskapprogram vir seuns en dogters bestaan en was daar ook gebeurlikheidsbeplanning vir dogters. In die burgerskapprogram vir seuns en dogters is in die onderskeie standerds verskillende aspekte behandel wat met verdediging verband gehou het.[9]

### 8.2.1 PRAATJIES OOR JEUGWEERBAARHEID

Tydens verskeie geleenthede in die Vaaldriehoek is na die jeug, die aanslag en paraatheid verwys. By een sodanige geleentheid in Oktober 1975 wat deur die Drie Riviere-tak van die Transvaalse Vroue Landbou-unie (TVLU) gereël is, het kol. dr. F. J. Potgieter oor die weerbaarmaking van die jongman in die weermag gepraat en genoem dat jong mense reeds in hulle ouerhuise geestelik weerbaar

---

[5] Notule van kommandement-bevelskaderkonferensie gehou te Nasrec op 18 November 1988, p. 21.

[6] Vgl. G. Mackey, "Youth preparedness is joke", in *Sunday Express*, 07.03.1972.

[7] T. N. du Toit, *Oorlewing: 'n handleiding vir burgerlike beskerming* (Citadel, Kaapstad, 1984), p. 145.

[8] J.L. Botha, "Jeugweerbaarheid: Liggaam en Gees kan nie geskei word", *Paratus*, 25(9), September 1974, pp. 34-35.

[9] Hoërskool Drie Riviere, Vakbeleid kadette, Burgerskapopvoeding.

gemaak moes word.[10] Tydens die jaarvergadering van die Afrikaanse Kultuurraad van Vereeniging aan die einde van Februarie 1979 by die Hoërskool Vereeniging, het die fakkeldraer van die Transvaalse Voortrekkers, Kobus Swanepoel, in sy toespraak daarna verwys dat die jeug die siel van 'n volk is.[11]

Die rektor van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), prof. Tjaart van der Walt, was aan die begin van April 1979 die geleentheidspreker tydens 'n byeenkoms van die Vanderbijlparkse Afrikaanse Sakekamer. Hy het daarop gewys dat slegs die 'avontuurlustige en jeugdige' in die boeiende tyd van toe sou kon leef. Die groot gevaar verbonde aan frustrasie en stagnasie was 'n rewolusie.[12] Die Rapportryerskorps van Vredefort het gedurende Augustus 1979 'n eetmaal vir matrikulante aangebied waartydens die lid van die volksraad (LV) vir Virginia, Piet Clase, die spreker was. Hy het onder meer gesê dat die jeug moes sorg dat hulle geestelik weerbaar was en 'n deeglike kennis van die vyand opdoen. [13]

Die konsul-generaal van Israel, Gershon Gera, het op 7 September 1980 die ouer-onderwysers-vereniging van die Hoërskool Sasolburg toegespreek. Hy het gesê dat die kind van die omstandighede in sy land bewus gemaak moes word en dat kinders hulle vrees vir die dood en vir bloed moes oorwin en moes leer om ten tye van nood en groot onrus kalm te bly. Daar is ook aan ouers vertel dat skole in Israel dikwels die teikens van stedelike terroriste was en dat ouers moes sorg dat hulle kinders onder veilige toestande onderrig ontvang. Sy boodskap aan ouers was die volgende:

---

[10] Anon, "Vier beginsels in Weermag", in *Vaalweekblad*, 24.10.1975.

[11] Anon, "Betrek jeug, sê kultuurleier", in *Vaalweekblad*, 30.03.1979.

[12] Anon, " 'n Denkarsenaal vir die jeug", in *Vaalweekblad*, 13.04.1979.

[13] Anon, "Deeglike kennis van vyand noodsaaklik", in *Vaalweekblad*, 28.08.1979.

> Bevorder 'n eenheid onder die kinders van jul volk, en julle voed 'n volk op wat in 'n oorlogsituasie nie die rug op die vyand sal draai nie.[14]

Dames Aktueel van Vereeniging het op 13 Maart 1982 vir die tweede opeenvolgende jaar 'n kursus vir matrikulante in die skoolsaal van die Hoërskool Drie Riviere aangebied. 'n Bekende radiopersoonlikheid, Emsie Schoeman, was teenwoordig. 'n Offisier van die inligtingsdiens van die lugmag het daarop klem gelê dat diensplig 'n voorreg moes wees en dat dit 'n jongman se hoogste eer moes wees om diensplig te verrig. Hy het gemeen dat aangesien daar 'n totale oorlog teen die land aan die gang was, elke beskikbare man nodig was. Ds. Mossie van den Berg het oor die laaste strofe van die stem gepraat en gesê dat jong mense deur hulle lewens moes sê: "Ons vir jou Suid-Afrika".[15]

Die minister van verdediging, genl. Magnus Malan, het in sy Republiekfeesrede op Sasolburg op 26 Mei 1984 groot klem op die jeug gelê. Hy het onder meer gesê:

> Dit is 'n dubbele voorreg vir my om met so 'n groot aantal jongmense ... te kan praat oor 'n onderwerp wat my na aan die hart lê, naamlik Die jeug van Suid-Afrika en hulle toekoms' ... u weet self dat hierdie jong Republiek van buite bedreig word ...[16]

Aangesien die jeug as die toekoms gesien is, is gepoog om die jeug te motiveer om die stryd uit te dra.

### 8.2.2 NOODPLANNE BY SKOLE

Die Vaaldriehoekse skole het oor noodplanne beskik waarin onder meer die telefoonnommers van die burgerlike beskerming, polisie en kommando

---

[14] Anon, "Leer kinders hul vrees vir bloed en dood oorwin, sê Israeli", in *Vaalweekblad*, 12.09.1980; Anon, "Kommentaar:Voed hulle reg op", in *Vaalweekblad*, 12.09.1980.

[15] Anon, "Drumpel en saluut: Wapenrusting vir jongmense", in *Vaalweekblad*, 19.03.1982.

[16] Direktoraat Dokumentasie Diens van die SANW (DDD), Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Sasol Kommando: Toespraak deur genl. Magnus Malan: Republiekfeesviering Sasolburg: 26 Mei 1984, pp. 1 & 2.



Illus. 60: Leerlinge van die Taaibos skool oefen dié skool se noodplan.
Bron: Anon, "Leerlinge is oorgehaal vir noodtoestand", in *Vaalweekblad*, 06.05.1977.

opgeneem is. Noodplanne het optrede uiteengesit vir gebeure soos tornado's, terroriste-aanvalle, skaking van die hoof, asook bomdreigemente en is gereeld by skole geoefen.[17] Alle noodplanne was die verantwoordelikheid van die burgerlike beskerming. Die weermag kon egter op aanbeveling van burgerlike beskerming sekere voorstelle oor die noodplanne van skole maak.[18]

Gedurende Julie 1976 is 'n skynnoodtoestand by die Hoër Tegniese Skool Carel de Wet geoefen. Die hele skool is na die rugbyveld ontruim en leerlinge moes self brande blus.[19] Die Taaibos-skool het gedurende Mei 1977 'n noodtoestand geoefen. Dié skool is as 'n model in die uitvoering van 'n noodplan beskou. Sodra die teken vir die noodplan gegee is, is boodskappers na die poskantoor, winkel en stadskantoor gestuur. Leerlinge het onmiddellik die brandslange in die skool beman. Klaskamers is ontruim deur middel van die gebruik van glytoue en vangnette. Daar is ongeveer 50 minute per week aan opleiding in noodtoestande spandeer en die noodplan is een keer elke kwartaal ingeoefen.[20]

Die Hoërskool Driehoek het die werking van sy noodplan in Februarie 1984 gedemonstreer. By dié geleentheid was daar 'n skynbomdreigement met die oog daarop om die algemene veiligheid en paraatheid van die skool te verhoog. Die skool het beskik oor 'n brandbestrydingspan, leerlinge wat in noodhulp opgelei was en ook 'n snuffelspan wat elke oggend die skool vir moontlike bomme deursoek het.[21]

---

[17] Hoërskool Drie Riviere, Noodplan; Vgl. MAV, p. 26. 12112000, Le Roux, P. C., (59) Drie Riviere; MAV, p. 29. 23112000, Muller, J. J. P., (57) Drie Riviere.

[18] Militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek (MAV), Onderhoude gevoer deur skrywer, p. 28. 23111999, Muller, J.J.P., (57) Drie Riviere. Kommandant Muller was ook die weermag se verteenwoordiger vir burgerlike beskerming in die Kommandement Witwatersrand; Vgl. Danie Theron krygskool, *Teeninsurgensie-operasieshandleiding* (Pretoria, 1 drukregiment, 1986), p. 2/5-9.

[19] Anon, "Foto: Die sowat 900 leerlinge van die Hoër Tegniese Skool Carel de Wet op Vanderbijlpark sal weet wat om te doen in 'n noodtoestand", in *Vaalweekblad*, 02.07.1976.

[20] Anon, "Leerlinge is oorgehaal vir noodtoestand", in *Vaalweekblad*, 06.05.1977.

[21] Anon, "Paraatheid is hul wagwoord", in *Vaalweekblad*, 06.03.1984.



Illus. 61: 'n Wapenuitstalling tydens 'n openbare byeenkoms by die Laerskool Voorslag op Vanderbijlpark.

Bron: Anon, "Foto: Tydens 'n openbare byeenkoms by die Laerskool Voorslag...",in *Vaalweekblad*, 01.04.1976.

Die Laerskool Vaalpark op Sasolburg het gedurende Julie 1984 'n noodsituasie nageboots. Die Sasolburg Kommando het 'n paar harde ontploffings veroorsaak waarna die ontruimbevel gevolg het. Kort daarna was die brandweer en die nooddienste op die toneel. Die rol van leerlinge in die toepassing van noodhulp en brandbestryding is in die oefening beklemtoon. Die oefening is in samewerking met die Sasolburgse burgerlike beskerming gereël.[22]

### 8.2.3 WEERBAARHEIDSDAE

In Maart 1976 is 'n wapenuitstalling by die Laerskool Voorslag gehou.[23] Dit was deel van 'n veldtog van die polisie op Sasolburg om terroristewapens aan die publiek te vertoon. Daar is gehoop dat volwassenes en kinders in staat sou wees om sulke wapens te identifiseer en die naaste polisiestasie daarvan te verwittig indien hulle daarop sou afkom. Voorvalle soos die Silverton-bankbeleg, en die skietery by Wonderboom en Booysens, het dit noodsaaklik gemaak dat die publiek moes weet waarvoor gekyk moes word.[24]

Die Hoërskool Vereeniging het op 8 September 1979 'n weerbaarheidsdag gehou. Tydens dié geleentheid het die orkes en soldate van die Leërgimnasium, Heidelberg opgetree.[25] Die Hoërskool Vanderbijlpark het op 1 Julie 1982 ook 'n weerbaarheidsdag gehou. Dié dag is deur die Junior Rapportryerskorps van Overvaal aangebied. Die hoogtepunt tydens die geleentheid was die toespraak van die minister van verdediging, genl. Magnus Malan. Generaal Malan het oor die 'totale aanslag' gepraat en het groot klem op die weerbaarheid van die jeug

---

[22] Anon, "Nooddienste verg kalmte, paraatheid', in *Vaalweekblad*, 31.07.1984; Vgl. ook MAV, p. 100. Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

[23] Anon, "Foto: Tydens 'n byeenkoms by die Laerskool Voorslag op Vanderbijlpark is daar 'n uitstalling van terroristewapens vertoon", in *Vaalweekblad*, 01.04.1976.

[24] Anon, "SAP wys vyand se wapens", in *Vaalweekblad*, 12.03.1982; Vgl. ook Anon, "Gaste hoor van terro-wapens", in *Vaalweekblad*, 02.04.1982.

[25] Anon, "Foto: Die orkes en pelotons van die Leërgimnasium Heidelberg het Saterdag tydens 'n weerbaarheidsdag by die Hoërskool Vereeniging opgetree", in *Vaalweekblad*, 14.09.1979.

geplaas.[26] Die polisie het by die geleentheid verskillende terroristewapens, waaronder 'n RPG7- vuurpyllanseerder, uitgestal.[27]

### 8.2.4 VELDSKOLE

Veldskole het in 1972 ontstaan nadat die Transvaalse direkteur van onderwys voorstelle aan die hand gedoen het oor hoe om die 'totale aanslag' te beveg. Noue kontak het tussen die weermag en veldskole bestaan en dit was eers teen die middel van die tagtigerjare dat opvallende militêre aspekte soos besoeke deur militêre personeel in uniform begin verdwyn het.[28] Veldskole is daarvan beskuldig dat hulle blanke jeugdiges met apartheidsidees geïndoktrineer het om hulle vir oorlog voor te berei.[29] Alle graad sewe en tien skoliere en finalejaar-onderwysstudente moes veldskole bywoon.[30] In 'n berig in die *Vaalweekblad* oor veldskole is destyds genoem dat kinders tydens 'n veldskool aan die veldlewe blootgestel word.[31] Dogters het tydens veldskole ook die geleentheid gekry om met 'militêre aspekte' soos roetemarse en wagstaan kennis te maak.[32]

Die Transvaalse assistent-direkteur van onderwys, dr. Louis Pasques, het in 'n toespraak in Augustus 1982 in Vereeniging daarna verwys dat die kinders van Suid-Afrika deur vreemde ideologieë gebombardeer word en dat die oorsaak daarvan die kommunikasiedienste van die wêreld was. Deur middel van veldskole moes kinders met die natuur in aanraking kom, tot selfontdekking gelei

---

[26] Anon, "Genl. Malan praat oor weerbaarheid", in *Vaalweekblad*, 02.07.1982.

[27] Anon, "Foto: Hierdie gevaarlike RPG-7 geweergranaat ... is van die bekendste wapens wat deur terroriste in hul stedelike terreuraanslae teen Suid-Afrika gebruik word", in *Vaalweekblad*, 09.07.1982.

[28] G. Evans, Classrooms of war: The militarisation of white South African schooling in J. Cock & L. Nathan (eds.)., *War and society: The militarisation of South Africa*, p. 292.

[29] B. Strachan, *Never on our knees: Youth in Apartheid South Africa* (London, United Nations Association Youth, 1985), p. 75; J. Frederickse, *South Africa a different kind of war: From Soweto to Pretoria* (Johannesburg, Ravan, 1987), p. 10.

[30] Anon, "Veldskool deel van opvoeding", in *Vaalweekblad*, 06.08.1982.


[31] Anon, "Veldskool vir dorpskinders was toe sommer reg", in *Vaalweekblad*, 25.02.1977; Vgl. ook Anon, "Veldskool was baie leersaam", in *Vaalweekblad*, 16.02.1979.

[32] MAV, p.29. 23111999, Muller, J.J.P., (56) Drie Riviere.



Illus. 62: Hoërskoolleerlinge tydens 'n veldskool op Pelgrimsrus in Februarie 1995. Kinders is aan aspekte soos hindernisbane, roetemarse, ideologiese lesings en parades op veldskole blootgestel.

Bron: *S. M. Fourie fotoversameling.*



Illus. 63: Susan Greyling het in November 1974 militêre basisse per lugmaghelikopter besoek. Vlnr. D. G. Kotze (Hoof Hoërskool Drie Riviere), SusanGreyling, lt. T. Ackerman (skakelafdeling van die weermag), lt. L. Smit (vlieënier), Kobus Smit (*Huisgenoot*).

Bron: *Vaalweekblad*, 22.11.1974.

word en vaderlandsliefde aanleer.[33] Daar is toe ook beplan om twee veldskole in die Vaaldriehoek te vestig. Die twee veldskole sou op onderskeidelik De Graaf eiland en op Donkervliet, naby Parys, gevestig word. 'n Jeugtrust is gestig om die beplande veldskole van die Vaaldriehoek te finansier.[34]

Vaaldriehoekse leerlinge het ook veldskole besoek waar daar skakeling met militêre personeel was. Dit was belangrik vir die veldskool op Pelgrimsrus dat kinders met die waardes van jeugweerbaarheid moes kennis maak, veral omdat seuns in graad tien binne twee jaar grensdiens sou moes verrig. Die hindernisbaan by dié veldskool was so doeltreffend dat die Burke's Luck-weermagbasis soms daarvan gebruik gemaak het. Die veldskool Pelgrimsrus en Schoemansdal het ook 'n landmynbaan gehad.[35] Die veldskool Graskop het steun van die weermagbasis op Burke's Luck ontvang.[36] By die veldskool Waterval-Boven het militêre personeel soms lesings oor kommunisme en noodhulp gegee.[37]

### 8.2.5 BESOEKE AAN MILITÊRE BASISSE BUITE DIE VAALDRIEHOEK

Die Afrikaanse tydskrif *Huisgenoot* het in 1974 'n brieweskryfkompetisie oor staatsdepartemente van stapel gestuur. In Oktober 1974 het die tema verdediging aan die beurt gekom. 'n Skoolmeisie van die Hoërskool Drie Riviere, Susanna Greyling, het in November 1974 die beste opstel oor verdediging geskryf en is as 'minister van verdediging' aangewys. Die weermag was so beïndruk met Susanna dat sy vir 'n dag lank hulle gas was. Sy is ten aanskoue van die hele skool met 'n Alouette-helikopter op die rugbyveld opgepik en het die Leërgimnasium, Heidelberg en die Verdedigingshoofkwartier te Pretoria

---

[33] Anon, "Veldskool deel van opvoeding", in *Vaalweekblad*, 06.08.1982; Dr. Louis Pasques was ook in sy hoedanigheid as Hoof van Jeugangeleenthede by ontmoetings met die weermag oor die nuwe kadetstelsel teenwoordig, Vgl. DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 2, Houer 40, 106/26, Organisasie van kadette, Organisasie kadette: Beplanning 1978/79, 14.06.1977.

[34] Anon, "Veldskool deel van opvoeding", in *Vaalweekblad*, 06.08.1982; Vgl. MAV, p 29. 31111999, Muller, J.J.P., (56) Drie Riviere.

[35] Anon, "Veldskool...", *Onderwysnuusflitse*, nr.56, Desember 1979, p. 47.

[36] Anon, "Veldskool...", *Onderwysnuusflitse*, nr.56, Desember 1979, p. 55.

[37] Anon, "Veldskool...", *Onderwysnuusflitse*, nr.56, Desember 1979, p. 64.

besoek.[38] Lede van die Vaaldriehoekse Technikon het in Augustus 1981 besoek by die lugmagbasis Waterkloof afgelê.[39]

## 8.3 JEUGORGANISASIES

Jeugorganisasies in die Vaaldriehoek, soos die Voortrekkers en die *Boys Brigade* het as gevolg van hulle uniforms, kampe en driloefeninge 'n militêre beeld uitgedra. Die organisasies het ook met militêre eenhede in die Vaaldriehoek geskakel. Tydens 'n avontuurkamp in Desember 1978 op die plaas Nooitgedacht in die Middelburg-distrik moes kinders voortdurend op hulle hoede vir 'terroriste' wees. Van die aspekte waarmee die kampgangers te doen gekry het, was onder meer bergklim, veldete, skyfskiet en filmvertonings.[40] Die onluste-eenheid van die polisie in Vereeniging het die graad ses seuns van die Laerskool Suikerbos gedurende Maart 1988 op 'n 'terroristejag' langs die Vaalrivier geneem.[41]

### 8.3.1 DIE VOORTREKKERS

Die Voortrekkers was 'n jeugbeweging in uniform met 'n bepaalde rangstruktuur.[42] Een van die strewes van die Voortrekkers was om met die verdediging van die vaderland behulpsaam te wees. Hulle is ook geleer hoe belangrik 'n parate weermag was.[43] Die Voortrekkers was een van die jeugorganisasies wat in September 1974 na aanleiding van die krisis in

---

[38] Anon, " 'Minister of Defence' is a local schoolgirl", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 22.11.1974; Anon, " 'Minister' besoek militêre kampe", in *Vaalweekblad*, 22.11.1974; Anon, "Vir een dag was sy 'Minister' ", *Byvoegsel tot Paratus*, 1(12), Desember 1974, p. xv; MAV, p. 27. 12112000, Le Roux, P.C., (58) Drie Riviere.

[39] Anon, "Technikon besoek LMB Waterkloof", *Paratus*, September 1981, 32(9), p. 44.

[40] Anon, "Terroriste steel koffiefles",in *Vaalweekblad*, 30.03.1979.

[41] Anon, "Seuns jag 'terroriste' ", in *Vaal Ster*, 14-18.03.1988.

[42] Anon, *Die Voortrekkers op die kruin van 50 jaar: Die Voortrekker halfeeufees 1931-1981* (Innesdale, Die Voortrekkers, 1981), p. 7.

[43] Anon, *Die Voortrekkers op die kruin van 50 jaar...*, p. 44.



Illus. 64: Die weermag het die Samevloei Voortrekkerkommando gehelp met radiowerk.
Bron: Anon, "Foto: Die Samevloei-Voortrekkerkommando op Vereeniging het sy werksaamhede bekendgestel...", in *Vaalweekblad*, 13.09.1983.

Mosambiek aangebied het om die burgerlike beskerming by te staan.[44] Die Voortrekkers van Vanderbijlpark is in Oktober 1974 oor die belangrikheid van burgerlike beskerming ingelig.[45] Die Voortrekkers het hulle ook bereid verklaar om vroue wie se mans met grensdiens besig was, met tuinwerk te help.[46] Seuns van die Voortrekkers het in 1976 met fietse na Kaapstad gery, en onder meer by Vereeniging aangedoen om geld vir die Suiderkruisfonds in te samel.[47]

Tydens die inlywing van die Voortrekkers van die Laerskool Frikkie Meyer op 13 Junie 1983, het die skoolhoof, P. J. Steyn, onder meer die volgende gesê:

> ...dat vandag se kinders daagliks gekonfronteer word met uitheemse en volksvreemde ideologieë. Die nuwe politieke bedeling wat vir Suid-Afrika in die vooruitsig gestel word, skep 'n onsekere toekoms en die oorlog op die land se grense stel geweldige eise aan die jeug.

Hy het daarna verwys dat die jeug gemotiveerd, ingelig en paraat vir die toekoms moes wees en dat juis die Voortrekkerbeweging vir daardie doel geskik was.[48]

Lede van militêre eenhede wie se kinders in die Voortrekkers was, het 'n groot bydrae gelewer om skakeling tussen die Voortrekkers en die weermag te bewerkstellig. Militêre personeel het tydens kampe die kinders geleer kamoefleer, hulle op roetemarse begelei en hulle selfs met militêre wapens laat skiet. Hulle het ook die Voortrekkers na ander streke vergesel waar onder meer lesings aangebied is. Ben Schempers, oud-bevelvoerder van die Vanderbijlpark Kommando, het vertel hoedat daar eenkeer beswaar gemaak is dat die weermag die Voortrekkers van die dorp wou militariseer. Hy het egter gemeen dat kinders

---

[44] Anon, "Vereeniging youth movements rally to Civil Defence", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 04.10.1974.

[45] Anon, "Foto: ... Mnr. Klopper en kapt. Prinsloo het die Voortrekkers in verband met burgerlike beskerming toegespreek", in *Vaalweekblad*, 01.11.1974.

[46] Anon, "Hulle wil graag grassny vir grensweduwees", in *Vaalweekblad*, 18.03.1977.

[47] D. Hoffman knipselversameling, s.j.

[48] Anon, "Voortrekker beweging onder die soeklig", in *Vaalweekblad*, 24.06.1983.

sodoende militêr goed voorberei is vir diensplig en dat kinders wat tydens Voortrekkerkampe met militêre aspekte te doen gehad het, 'n voorsprong bo ander geniet het.[49]

Frik Botha het by die Voortrekkers betrokke geraak omdat sy kinders daaraan deelgeneem het. Hy was ook 'n kaptein by die Regiment Overvaal (ROV). Volgens hom het die Voortrekkers wel 'n militêre beeld uitgedra. Daar was 'n staande reëling tussen die Voortrekkers van Vereeniging en Groep 17 om tente vir Voortrekkerkampe te verskaf. Die Voortrekkers het ook die militêre basis in Vereeniging besoek en militêre skietoefeninge bygewoon. Die weermag het personeel en toerusting beskikbaar gestel sodat die Voortrekkers opleiding met radio's kon kry.[50] Lede van die seinkorps het die Voortrekkers oor radioprosedures touwys gemaak.[51]

In Oktober 1981 is 'n Voortrekkerkamp naby Venterskroon aangebied en 'n aantal Voortrekkers uit die Vaaldriehoek het die kamp bygewoon. Na afloop van die kamp is berig dat 'n kursus in paradewerk deurloop is en dat die Voortrekkers daarna 'n beter begrip sou hê van hoe dit voel om deur 'n sersant rondbeveel te word.[52] Die Smeltkroes Voortrekkerkommando het in September 1991 die Vaal Kommando besoek, waartydens aan hulle gesê is dat dit nie nodig was om vir mense in uniform bang te wees nie en dat soldate in uniform as vriende gesien moes word. Tydens die geleentheid is die werking van die R1- en R4-geweer aan die kinders gedemonstreer.[53] Lede van die Vaalrivier Voortrekkerkommando het in die middel van 1991 'n naweek by 4 Voertuig Reserwe Park (4 VRP)

---

[49] MAV, p. 96. 29032000, Schempers, B., (66) Vanderbijlpark.

[50] MAV, p. 150. 26062000, Botha, F.J.P.R., (58) Risiville; Vgl. ook MAV, p. 99. 29032000, Pretsch, T., (66) Sasolburg.

[51] Anon, "Foto: Die Samevloei Voortrekkerkommando op Vereeniging het sy werksaamhede bekendgestel..." , in *Vaalweekblad*, 13.09.1983.


[52] Anon, "Voortrekkerkampe groei en groei", in *Vaalweekblad*, 16.10.1981.

[53] Anon, "Children learn not to be afraid of the military", in *Vaal Ster*, 23-27.09.1991.



Illus. 65: Die stigter van die *Boys Brigade* op Vereeniging, v.sers. Norman Soar van 22-Lugskool.

Bron: Anon, "Boys Brigade founder dies", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 21.01.1983.



Illus.66 Die 1ste Vereeniging kompanie van die Randse Bataljon tydens 'n drilkompetisie by die Regiment Oosrand.

Bron: Anon, "Vereeniging wins honours at Boys Brigade contest", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 10.10.1975.

deurgebring. Daar het hulle drilwerk gedoen, met militêre wapens geskiet en in weermagvoertuie gery.[54]

### 8.3.2 DIE *BOYS BRIGADE*

Die Vereeniging Kompanie van die *Boys Brigade* is op 2 Oktober 1940 gestig deur vlugsersant Norman Soar, wat destyds by 22 Lugskool op Vereeniging gestasioneer was. Die *Boys Brigade* was die wêreld se eerste jeugorganisasie in uniform.[55] Dié beweging het uit ongeveer 70 kompanies bestaan.[56] Die *Boys Brigade* in Vereeniging was deel van die Randse Bataljon.[57] Die beweging het ook met die weermag geskakel aangesien byvoorbeeld van die weermag se drilhandboeke gebruik gemaak is en verder het hulle parades van die Regiment Overvaal (ROV) bygewoon.[58] Skakeling met die ROV het voortgeduur totdat kmdt. Pierre Viljoen in 1988 as bevelvoerder van dié regiment uitgetree het.[59]

Die Suid-Afrikaanse polisie het lesings oor dwelmmisbruik aangebied terwyl die brandweer opleiding in brandbestryding en noodhulp gegee het. Nege seuns het in April 1975 'n kadetoffisierskursus in Rhodesië bygewoon. Dié kursus is deur die *Selous Scouts*, 'n elite Rhodesiese eenheid, aangebied.[60] Die eerste kompanie van die *Vereeniging Boys Brigade* het die eerste plek behaal in 1975 tydens die jaarlikse drilkompetisie wat op die paradegrond van die Regiment Oosrand (ROR) gehou is. Lede van die Sewende Medium Artillerie en die

---

[54] N. Obel, "4 VRP entertains the Voortrekkers", *Paratus*, 42(8), Augustus 1991, p. 37.

[55] Anon, "Boys Brigade family tradition", *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 23.11.1979; Anon, "Boys Brigade founder dies", in *Vereeniging News*, 21.01.1983.

[56] Vaal Teknorama (VTR), Jack Arneson vers., The world conference meeting of standing committee London 12/14th March 1982.

[57] MAV, p. 218, 29.11.2000, Arnesor, J.L., (73) Risiville.

[58] VTR, Jack Arneson vers., Brief van die kantoor van die hoof van die weermag aan mnr. J.L. Arneson, Use of drill manuals, 19.09.1979.

[59] MAV, p. 218, 29.11.2000, Arnesor, J.L., (73) Risiville.

[60] MAV, p. 220, 29.11.2000, Arnesor, J.L., (73) Risiville.



Illus. 67: Seuns van die Laerskool Suikerbos wat deur die onluste-eenheid op 'n terroristejag geneem is.

Bron: Anon, "Seuns jag 'terroriste' ", in *Vaal Ster*, 18.03.1988.

regiment-sersant-majoor (RSM) van die ROR het die kompetisie beoordeel.[61]

Tydens die viering van die veertigste bestaansjaar van die Vereeniging Kompanie in Oktober 1980, het 'n groot aantal seuns aan die parade deelgeneem. Die parade het gevolg na 'n kerkdiens by die Metodiste Kerk in Victorialaan in Vereeniging.[62] Lede van die *Boys Brigade* het verder herdenkingsdagparades bygewoon, terwyl offisiere van die beweging ook na die jaarlikse militêre bal van die ROV uitgenooi is.[63] Die *Boys Brigade* het op 15 Februarie 1987 'n vaandelparade op die stadsplein gehou. 'n Oudbevelvoerder van die ROV, kol. Lourens Human, het bevel oor die *Old Boys* kontingent gevoer.[64] Kingsley Bell, oud-burgemeester van Vereeniging, Jack Arnesor, bevelvoerder van die *Boys Brigade,* en kol. Lourens Human, was as jeugdiges lede van die *Boys Brigade.*[65]

## 8.4 SKOOLKADETTE

Skoolkadette was 'n belangrike aspek in die militarisering van die destydse samelewing.[66] Die kadetorganisasie is reeds op 1 Julie 1913 gestig.[67] Vir die grootste deel van die twintigste eeu was kadette deel van alle blanke skole in Suid-Afrika. Na aanleiding van die eskalerende stryd op die grens met Angola, is gedurende 1977 aangekondig dat skoolkadette elementêre militêre opleiding sou

---

[61] Anon, "Vereeniging wins honours at Boys Brigade contest", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 10.10.1975.

[62] Anon, "Seunsbrigade vier sy 40ste bestaansjaar", in *Vaalweekblad*, 24.10.1980.

[63] VTR, Jack Arneson vers., Blou lêer, Uitnodiging van die burgemeester van Vereeniging mnr. Kingsley Bell aan mnr. J.L. Arneson vir die militêre bal op 14.01.1987; VTR, Jack Arneson vers., Lêer Vaal Battalion Meetings, Vaal president's report to the annual general meeting of brigade council of the Boys' Brigade of South Africa being held at the Highland Hills congregational church Pinetown, 21.10.1989.

[64] VTR, Jack Arneson vers., Vaal Battalion Minutes, President of the Vaal Battalion's report to the annual meeting of the brigade council of the Boys Brigade South Africa, held at St. John's Anglican Church hall Durban, 05.09.1987, pp. 1, 2.

[65] Anon, "Boys Brigade family tradition", *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 23.11.1979.

[66] Danie Theron krygskool, *Teeninsurgensie-operasieshandleiding*, p. 2/5-10.

[67] Hoërskool Drie Riviere: Vakbeleid kadette:, Kadetafdeling 1122", p. 1.

ontvang.[68] Een van die uitvloeisels daarvan was dat afgestudeerde onderwysstudente na die Infanterieskool op Oudtshoorn vir opleiding gestuur is. Na voltooiing van hulle diensplig het onderwysers by hulle skole se kadetstelsel ingeskakel.[69]

Die doelwitte wat deur kadetopleiding nagestreef is, was om lojaliteit aan die land te bevorder en om seuns vir diensplig voor te berei.[70] Leerlinge moes 'n nuwe lewenswyse geleer word, naamlik om altyd gewapen en gereed te wees.[71] In die tydskrif vir kadette, *Kadet*, is ook gemeen dat die kadetstelsel die geleentheid gebied het tot persoonlikheidsontwikkeling, leierskapsontwikkeling, die opdoen van mensekennis en selfontdekking.[72] Die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) het in 1985 'n nuwe kadetopleidingsprogram voorgeskryf.[73] Gedurende Februarie 1994 is aangekondig dat skoolkadette, terugwerkend vanaf 1 Januarie 1994, nie meer vir hoërskole verpligtend sou wees nie. Skole wat sou verkies om met skoolkadette voort te gaan, moes egter eers by die betrokke onderwysdepartement toestemming verkry.[74]

### 8.4.1 DIE VERGESTALTING VAN KADETTE BY VAALDRIEHOEKSE HOËRSKOLE

Die Vaaldriehoekse kadette het vroeg reeds presteer toe Handhawer in 1933 die goewerneur-generaal se skild vir die eerste plek in Suid-Afrika verower het.[75] Voordat die kadetstelsel in 1977 verander het, was daar skakeling tussen

---

[68] P. L. Moorcroft, *Africa's super power* (Johannesburg, Sygma, 1981), p. 65.

[69] Anon, "Kitsgids vir NDP's: Onderwysers word soldate", *Paratus*, 31(6), Junie 1980, p. 52.

[70] Anon, "Heldhaftige soldate van die toekoms", *Paratus*, 30(7), Julie 1979, p. 24.

[71] Danie Theron krygskool, *Teeninsurgensie-operasieshandleiding*, p. 2/5-11.

[72] Anon, "Die eerste kraaknuwe tydskrif vir Kadette!", *Kadet*, Laaste kwartaal 1985, p. 3.

[73] Hoërskool Drie Riviere: Vakbeleid kadette:, Kadetafdeling 1122", p. 1.

[74] Anon, "Cadet system changed", *Paratus*, 45(2), Februarie 1994, p. 4.

[75] Anon, Laerskool Handhawer gedenkblad 1924-1974 (Laerskool Handhawer, 1974), p. 36.

kadetafdelings en van die plaaslike militêre eenhede deurdat kadetorkeste tydens amptelike militêre geleenthede soos parades opgetree het.[76] Die dogters van Genl. Smuts High School het reeds in 1976 benewens opleiding in noodhulp, ook met gewere gedril.[77]

Tydens 'n kadetparade in Oktober 1976 wat by die Hoërskool Vanderbijlpark gehou is, is aangekondig dat alle hoërskoolseuns vanaf 1976 voor-militêre opleiding sou ondergaan. Die doel daarvan was 'n sinvolle, gevorderde militêre opleiding wat as 'n voorloper tot nasionale diensplig sou dien.[78] Vanaf 1976 is kadette by skole ingefaseer waar daar tradisioneel nie kadette was nie, soos byvoorbeeld by die Voorberoepskool op Sasolburg.[79] In die loop van 1977 is nuwe gewere aan kadetafdelings uitgereik.[80] Die Vaaldriehoekse hoërskole het deur die loop van 1977 en 1978 by hulle naaste kommando geaffilieer. Die Hoërskool Dr. Malan het in Februarie 1978 om affiliasie aansoek gedoen.[81] Daarna het die Hoërskool Driehoek, die Hoër Tegniese Skool Vereeniging, die Hoërskool Transvalia, die Krugerlaanskool en die Hoërskool Vereeniging ook gevolg.[82]

---

[76] Anon, "Foto: The army comes to town", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 18.04.1975; MAV, p. 98. 29032000, Pretsch, T., (66) Sasolburg; MAV, p. 26. 12112000, Le Roux, P. C., (58) Drie Riviere.

[77] Anon, "Foto: Dogters van Genl. Smuts High School op Vereeniging luister aandagtig na hul kadetoffisier-in-bevel…", in *Vaalweekblad*, 23.07.1976.

[78] Anon, "Kadetopleiding as voorloper",in *Vaalweekblad*, 05.11.1976; MAV, p. 96. 29032000, Schempers, B., (66) Vanderbijlpark.

[79] Anon, "Foto: Daar is vanjaar vir die eerste keer kadetopleiding by die Voorberoepskool op Sasolburg aangebied",in *Vaalweekblad*, 25.11.1977.

[80] DDD, Kmdt. Wit., Pretoria, Groep 2, Houer 40, 106/26, Organisasie van Kadette, Organisasie kadette: Beplanning 1978/79, 14.06.1977.

[81] DDD, Kmdt. Wit., Pretoria, Groep 3, Houer 5, 106/26/1, Organisasie kadetafdelings – bestuur kadetkorps, Aansoek om affiliasie van kapt. G. M. Vogel aan bevelvoerder Kmdt. Wit., 21.02.1978.

[82] DDD, Kmdt. Wit., Pretoria, Groep 2, Houer 40, 106/26/5, Organisasie van Kadette: Affiliasie van Kadetafdelings met BM & Komdo-eenhede, Affiliations: CD's with comdo units, 11.08.1978.

Kadette is as 'n buitekurrikulêre aktiwiteit aaneenlopend met 'n skooldag georganiseer.[83] Alle kadetbedrywighede het direk onder die betrokke skoolhoof gesorteer. Ten minste een naweekkamp moes per jaar aangebied word. Die volle kadetprogram was vir alle sekondêre skole verpligtend.[84] Die doel van kadette was om hoërskoolleerlinge oor die aanslag teen die land in te lig en om aspekte van burgerlike beskerming te behandel. Die sillabus van kadette het grotendeels daarop neergekom dat leerlinge aan militêre prosedure bekend gestel word.[85]

Skole se kadetafdelings is in kompanies verdeel, waaroor 'n onderwyseroffisier die bevelvoerder was.[86] Die vakinhoud van lesings het soos volg daar uitgesien: interne dienste van 'n eenheid, noodsaaklikheid van nasionale diensplig, organisasie van die SAW, beskerming van huis en haard, inligting en sekerheid, kaartlees en navigasie, radiospraak-prosedures, voordele en betekenis van kadette.[87]

Tydens die kadetbevelvoerderskonferensie wat in Februarie 1990 op Alberton gehou is, is na die TOD/SAW-vennootskap verwys. Daar is ook gemeen dat kadetonderoffisiere nie slegs 'n rangtoekenning vir hulle prestasie moes ontvang nie, maar dat hulle ook binne die skoolopset erkenning moes geniet.[88] Die skakeling tussen die onderwysowerhede en die weermag in die Vaaldriehoek is as 'hartlik' beskryf.[89]

---

[83] Hoërskool Drie Riviere, Vakbeleid kadette: Kadetafdeling 1122, p. 1.

[84] Hoërskool Drie Riviere, Vakbeleid kadette: Kadetafdeling 1122, p. 2.

[85] Anon, "More punch for cadet training", *Paratus*, 29(9), September 1979, p. 30.

[86] Hoërskool Drie Riviere, Vakbeleid kadette: organigram.

[87] Hoërskool Drie Riviere, Vakbeleid kadette: werksverdeling vir die fisieke aktiwiteitsprogram 1987.

[88] Vakbeleid Hoërskool Drie Riviere, Dokument: Wit/Kad/106/26,die Kommandement Witwatersrand, Kadetafdeling bevelvoerderskonferensie, Februarie 1990.

[89] MAV, p. 28. 23111999, Muller, J.J.P., (56) Drie Riviere.



Illus. 68: Die jaarlikse kadetparade wat by die Hoërskool Transvalia gehou is.
Bron: *B. Schempers fotoversameling.*



Illus. 69: Seuns ondergaan opleiding tydens 'n kadetkamp wat in 1993 deur die Hoërskool Parys aangebied is.
Bron: Anon, *Hoërskool Parys jaarblad 1993*, p. 66.

Teen 1992 is daar in 'n dokument wat van die leër se hoofkwartier aan Vaaldriehoekse skole gestuur is, genoem dat die kadetprogram nie meer by sommige skole toegepas word nie en dat belangstelling in kadette aan die kwyn was.[90] Die weermag het ten einde die negatiewe houding teenoor kadette te neutraliseer, wegbeweeg van die tipiese militêre benadering.[91] Die weermag het egter selfs nog in 1992 versoek dat hoërskole hulle jaarlikse opleidingsprogram tot 1997 moes verskaf. Daar is gevra dat die volgende gegewens aan die plaaslike kommando verskaf moes word: twee naweekkadetkampe per skool per jaar, interne skietoefeninge, dril- en paraatheidsperiodes, en versoeke waar militêre personeel kadetprysuitdelingsfunksies moes bywoon.[92]

Skoolkadette het 'n indruk op die seuns van die Vaaldriehoek gemaak. André Joubert, destyds 'n leerling van die Hoërskool Transvalia en later bevelvoerder van die Regiment Sasolburg, het gemeen dat kadette hom positief ten opsigte van militêre diens gemotiveer het.[93] Deon Ferreira, destyds 'n leerling van die Hoër Tegniese Skool Vereeniging, het gemeen dat kadette die grondslag van dissipline op skool gelê het.[94]

### 8.4.2 KADETPARADES

Die prysuitdelingsfunksie van die Hoërskool Transvalia in Oktober 1980 het met 'n kadetparade gepaard gegaan. Die bevelvoerder van die Vanderbijlpark Kommando, kmdt. Ben Schempers, was die gasspreker. Hy het gemeen dat ten einde met trots teen die aanslae staande te bly, 'n goed georganiseerde en doeltreffend gewapende weermag noodsaaklik was. Hy het ook gesê dat meer vroue in nie-vegtende rolle opgelei moes word sodat geskikte jongmanne op die

---

[90] Vakbeleid Hoërskool Drie Riviere, Dokument: H Leër/Kadette/103/16/B, Kol. J L.M. Cook, Herstrukturering van die SAKTA-skietkompetisie, 27.10.1992.

[91] MAV, p. 28. 23111999, Muller, J.J.P., (56) Drie Riviere.

[92] Kadetopleiding van hoërskole: Vereeniging, Aanhangsel L by opleidingsplan van Vereeniging Kommando, 24.04.1992.

[93] MAV, p. 156. 26062000, Joubert, A., (38) Vanderbijlpark.

[94] MAV, p. 34. 17122000, Ferreira, D., (33) Drie Riviere.

slagveld aangewend kon word. Verder dat daar geen beter metode bestaan het om 'n gunstige klimaat vir beveiliging onder die seuns en dogters van Suid-Afrika te skep, as 'n deeglike, doelgerigte en sinvolle kadetprogram nie.[95]

Op Vanderbijlpark is jaarkliks 'n uittreeparade vir kadette gehou. Die bevelvoerder van die Vanderbijlpark Kommando was by die jaarlikse kadetkompetisies in die Vaaldriehoek sowel as die kommandement se kadetkompetisies betrokke.[96] Die RSM van die Sasol Kommando, AO 1 Tiekie Pretsch, was verder by die drilafrigting van Sasolburgse hoërskole betrokke.[97] Tydens die kadetparade wat in Augustus 1983 gehou is, het die bevelvoerder van Groep 17, kol. F.P. van Niekerk, beklemtoon dat kadetopleiding by skole van groot belang was. Hy was van mening dat dit belangrik was om reeds op skoolvlak militêre dissipline by skoliere tuis te bring en benewens dat kadette die voorloper van militêre diensplig is, die dissipline wat so aangeleer word ook later vir die samelewing van waarde sou wees.[98]

Tydens die parade van die kadetkompetisie van 1985 het kol. F. van den Berg, bevelvoerder van Groep 17, gemeen dat die jaar se kadetkompetisie van besondere betekenis was, aangesien 1985 ook Jeugjaar was.[99] Die bevelvoerder van die Vereeniging Kommando, maj. Kobie Kruger, het op 13 Oktober 1989 sertifikate en trofeë aan die kadette van die Hoër Tegniese Skool Vereeniging oorhandig. Hy het beklemtoon dat die posisie van die land in daardie stadium van so 'n aard was, dat kadette op skool 'n belangrike rol sou speel wanneer 'n seun met diensplig sou begin.[100] Met die slegterwordende veiligheidstoestand in

---

[95] Anon, "Dogters binnekort meer betrek",in *Vaalweekblad*, 28.10.1983.

[96] MAV, p. 96. 29032000, Schempers, B., (66) Vanderbijlpark.

[97] MAV, p. 98, 29032000, Pretsch, T., (66) Sasolburg.

[98] Anon, "Kommentaar: Span almal in", in *Vaalweekblad*, 26.08.1980; Anon, "Foto: Kol. Pikkie van Niekerk ... beantwoord die saluut tydens 'n militêre parade...", in *Vaalweekblad*, 29.08.1980.

[99] Anon, "Transvalia weer voor by kadette", in *Vaalweekblad*, 27.08.1985.

[100] Anon, "Kadet-opleiding belangrik", in *Vaalweekblad*, 20.10.1989.

die land, het die tema 'huis-en-haard-beskerming' ook op die rooster van kadetperiodes begin verskyn.[101]

### 8.4.3 PRESTASIES VAN VAALDRIEHOEKSE KADETTE

Die kadette van die Vaaldriehoek het in die tydperk 1974 tot 1994 puik prestasies gelewer. In die Kommandement Witwatersrand se kadetkompetisie van September 1979 het die drilpeloton van die Hoërskool Transvalia die toekenning vir die beste drilpeloton met die Hoërskool Linden gedeel.[102] Die Hoërskool Transvalia het in die Inter-Kommandement Kadetkompetisie wat aan die einde van 1980 gehou is, 'n vierde plek in die drilafdeling behaal.[103] 'n Leerling van die Hoërskool Transvalia, Paulus Williams, wat gedurende die April-vakansie van 1982 'n kursus vir kadetpelotonsersante deurloop het, het 'n goue medalje na afloop van dié kursus ontvang.[104]

Die kadette van die Hoër Tegniese Skool op Sasolburg het goed gevaar in die kadetkompetisie van Groep 24 wat op 2 en 3 September 1983 te Kroonstad gehou is. Die kadetorkes het 'n eerste plek verower, terwyl die skietspan die eerste plek vir die gesamentlike skietspan behaal het. Tydens 'n interskole-byeenkoms waaraan alle hoërskole op Sasolburg deelgeneem het, het die skool se brandbestrydingspan ook die Burgerlike Beskermingskild gewen.[105]

Tydens die Kommandement Witwatersrand se drilkompetisie van 1988 is die Hoër Tegniese Skool Carel de Wet se drilpeloton as die beste drilpeloton aangewys, en in die kompetisie van September 1990 het dieselfde skool weer

---

[101] MAV, p. 29. 23111999, Muller, J.J.P., (56) Drie Riviere; Vgl. ook Vakbeleid kadette, Hoërskool Drie Riviere.

[102] Anon, "Beste drilpeloton", in *Vaalweekblad*, 28.09.1979.

[103] Anon, "The best!", *Paratus*, 32(1), Januarie 1981, p. 51.

[104] Anon, "Paulus Williams ... Het tydens 'n kadet pelotonkursus vir sersante ... 'n goue medalje verower", in *Vaalweekblad*, 01.06.1982.

[105] Anon, "Tegniese Skool se kadette presteer", in *Vaalweekblad*, 09.09.1983.

die eerste plek verower.[106] Tydens die Kommandement Witwatersrand se kadetkompetisie van 1991 het die junior skietspan van HTS Carel de Wet die eerste plek behaal, terwyl Barend Truter van die Hoërskool Transvalia as die beste tamboermajoor aangewys is.[107]

### 8.4.4 OPTREDES VAN KADETORKESTE

Kadetorkeste is tydens geleenthede soos skoue en parades van militêre eenhede gebruik om musiek te verskaf. Die kadetorkes van die Hoërskool Parys het in September 1979 by die lenteskou van Parys opgetree.[108] Die kadetorkes van die Hoërskool Taaibos het in November 1979 tydens die medaljeparade van Sasolburg Kommando vir die marsmusiek gesorg.[109] Die kadetorkes van die Hoërskool Sasolburg het in Maart 1992 tydens die amptelike opening van die skool deur die direkteur van onderwys opgetree.[110]

### 8.4.5 KADETKAMPE

Opleiding tydens kadetkampe was soortgelyk aan die basiese opleiding van dienspligtiges. Kadetkampe het daartoe bygedra om van die nuwe kadetstelsel wat vanaf 1975 in werking was, 'n sukses te maak. Seuns wat aktief by die kadette betrokke was, het 'n voorsprong bo ander dienspligtiges gehad.[111]

Die Hoërskool Dr. Malan het op 15 en 16 September 1978 'n kadetkamp op

---

[106] Anon, "Skoolkkadette se heel bestes aangewys", *Paratus*, 40(1), Januarie 1989, p. 13; Anon, "Foto: Die Wits Kommandement-drilkompetisie wat Saterdag by die Hoërskool Linden in Johannesburg gehou is", in *Vaalweekblad*, 14.09.1990.

[107] Anon, "Plaaslike leerlinge presteer in kadetkompetisie", in *Vaalweekblad*, 20.09.1991.

[108] Anon, "Foto: Fier en regop stap tamboermajoor Willie van Niekerk ....", in *Vaalweekblad*, 04.09.1979.

[109] Anon, "Die orkes van die Taaibosskool ... Tydens die medaljeparade van Sasolburg kommando", in *Vaalweekblad*, 30.11.1979.

[110] Anon, "Foto: Kadetorkes van Hoërskool Sasolburg lewer 'n uitvoering....", in *Vaalweekblad*, 05.03.1992.

[111] Anon, "Kadetkampe kweek die leiers van môre...", *Paratus*, 30(8), Augustus 1979, p. 32; Vgl. ook MAV, p. 156. Joubert, A., (38) Vanderbijlpark.

Boschkop gehou. Alle graad agt tot elf seuns en 12 onderwysers het die kamp bygewoon.[112] Die Kommandement Witwatersrand het gedurende Julie 1985 'n avontuurkamp vir 234 kadette van 59 skole by Kareekloof aangebied. Die seuns het aan die einde van die kamp elkeen 'n vasbyt-sertifikaat ontvang. Van die militêre aspekte wat behandel is, was drilwerk, spoorsny, boskuns, veldkuns, oorlewing en hindernisoorsteking.[113] Op 8 Julie 1991 is daar weer 'n kadetkamp aangebied waaraan Vaaldriehoekse seuns ook kon deelneem.[114] Die Parys Kommando het jaarliks bivakke vir kadette aangebied en terselfdertyd is 'n kamp vir dogters en vir seuns aangebied.[115]

'n Paar jaar na bogenoemde tydperk, in 1997, het die minister van verdediging, Joe Modise, tydens 'n besoek aan die Soutpansbergse militêre gebied gemeen dat dit 'n jammerte was dat die onderwysowerhede nie die waarde van 'n kadetstelsel vir skole besef het nie, omdat dit kon help om die dissipline in skole te verbeter.[116] Dit is ook die mening van oudsoldate en bevelvoerders van die Vaaldriehoekse militêre eenhede dat kadette 'n positiewe bydrae tot die opvoeding van die jeug gelewer het.[117]

---

[112] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, Houer 13, Deelname aan nie-militêre funksies, deelname aan skole eeufeesvieringe, kermisse, ens, Brief: van kapt. G. M. Vogel, die Hoërskool Dr Malan aan kapt. Grove kmdt. Wit., rakende kadetkamp, 23.08.1978.

[113] Anon, "Kmdt. Wit., hou winterkamp: Die koue wen nie dié keer", *Kadet*, Laaste Kwartaal 1985, p.26; MAV, p .28. 23111999, Muller, J.J.P., (56) Drie Riviere; Vgl. ook die Hoërskool Parys, kadetkamp 22-25 Augustus 1991.

[114] Dagboek, Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie, 24.06.1991.

[115] Die Hoërskool Parys, Jaarblad 1991, p. 46; Die Hoërskool Parys, Jaarblad 1993, p. 67; Vgl. ook DDD, Pretoria, Kmdt. Vrystaat, Eenheidsgeskiedenislêer: Parys Kommando: Jaarverslag 1989,1990, 1991.

[116] E. Gibson, "Kadetstelsel versterk dissipline sê Modise", in *Beeld*, 07.05.1997.

[117] Vgl. MAV, p. 96. 29032000, Schempers, B., (66) Vanderbijlpark; MAV, p. 98. 29032000, Pretsch, T., (66) Sasolburg.

## 8.5 DIE VLOOTKADETTE

Die vlootkadette het 'n groot rol daarin gespeel om jeugdiges wat uiteindelik by die vloot of die handelsvloot wou inskakel, op die see voor te berei. Die vlootkadette se tak in Vereeniging, TS Bounty, is in 1949 gestig en amptelik in 1951 geopen.[118] Die vlootkadette was 'n vrywillige jeugorganisasie wat onder die voogdyskap van die Vlootliga gefunksioneer het.[119] Tydens die bestaan van die TS Bounty is gereeld parades en jaarlikse ouerdae gehou.[120]

Bevelvoerende offisiere van die verskillende vlootkadetafdelings het gedurende Januarie 1976 in Muizenberg vir 'n konferensie byeengekom, om 'n eenvormige opleidingsprogram op te stel wat op die opleidingsvereistes van die vloot vir diensplig geskoei is.[121] Die vlootkadette in Vereeniging het onder die beskerming van die Suid-Afrikaanse Vlootbond gestaan. Opleiding is twee keer per jaar, gedurende April en in Desember, aangebied. Die Vereenigingtak het oor fasiliteite soos 'n swembad, skietbaan, voetbal- en krieketveld, 'n bootloods en bote beskik. Die leerplan van die TS Bounty het uit seremoniële opleiding, seemansopleiding, aanskouingsopleiding, liggaamlike en ontspannings-opleiding en spesiale opleiding bestaan.[122] Die TS Bounty vlootbasis in Vereeniging was een van vyf soortgelyke opleidingsentra in die Transvaal.[123]

Die vlootkadette het soms by funksies opgetree, soos byvoorbeeld toe hulle in September 1981 tydens 'n osbraaigeleentheid deur die Rotariërs op Henley-on-

---

[118] Anon, "Another 'signal' achievement for TS Bounty", in *Vereeniging en Meyerton Ster*, 11-15.05.1987.


[119] Anon, "Rifles are fired on this ship", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 09.08.1974.

[120] Anon, "Foto: Sea cadet, Derek Roellofse is receiving the trophy for the best new entry .... At a cadet parents' day function", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 11.01.1974; Anon, "Foto: Officers of T.S. Bounty ... after a parade at the Navy League base", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 22.03.1974.

[121] Anon, "Naval Cadets", *Byvoegsel tot Paratus*, Januarie 1976, p. iv.

[122] Anon, "Liefde vir die see by jeug gekweek", in *Vaalweekblad*, 14.04.1978.

[123] Anon, "Nuwe man aan roer van skip", in *Vaalweekblad*, 15.09.1981; Vgl. ook MAV, p. 171. Smit. J. M., (56) Vereeniging; Anon, *The sea cadets* (Brosjure: Port Elizabeth, National secretary sea cadets, s. d.).



Illus. 70: Kommodoor S. Trainor van die vloot inspekteer vlootkadette van die T.S. Bounty op Vereeniging.

Bron: Anon, "Commodore Spook Trainor of the Navy (right) inspected the annual stand down parade of the TS Bounty", in *Vaal Ster*, 10-14.12.1990.

Klip 'n demonstrasie gelewer het.[124] Lede van die TS Bounty het hulle ook tydens verskeie geleenthede onderskei. Van die vier deelnemende vlootkadet basisse, naamlik Vereeniging, Springs, Johannesburg en Midrand, het Vereeniging op 24 Maart 1985 vir die tweede opeenvolgende jaar die swemgala gewen.[125]

Die Admiraalstrofee vir die basis wat die beste gedurende die jaar onderhou is, is ook deur die vlootkadette van Vereeniging in 1985 en in 1986 verower.[126] Die TS Bounty het op die jaarlikse konferensie wat in 1989 in Port Elizabeth gehou is, die Opleidingsbedrewenheidstrofee en 'n bedrewenheidskenteken ontvang.[127] Die vlootkadette van Vereeniging het in Junie 1991 aan die interroei-regatta op Wemmerpan deelgeneem en die volgende trofeë verower, naamlik die Unicorn Lines-trofee vir seemanskap deur die senior seuns, die Juffers-trofee deur die meisies en die Junior Gig-trofee deur die junior seuns. Die TS Bounty is ook as die algehele wenner aangewys.[128] Net soos in die geval van die ander kadette, het die vlootkadette elke jaar 'n prysuitdelingsfunksie gehou waartydens verdienstelike lede beloon is.[129]

Sedert die middel van die tagtigerjare het die vlootkadette van Vereeniging 'n aantal hoogtepunte beleef. Die nuwe vleuel van die TS Bounty is in Mei 1987 deur die hoof van die vloot, vise-admiraal G. Syndercombe, geopen.[130] Dié geleentheid het met 'n medaljeparade gepaardgegaan en is deur verskillende burgemeesterspare van die Vaaldriehoek en hoë vlootoffisiere bygewoon, terwyl

---

[124] Anon, "Kadette demonstreer op Vaal", in *Vaalweekblad*, 02.10.1985.

[125] Anon, "Vlootbasis op Vereeniging weer bo", in *Vaalweekblad*, 29.03.1985.

[126] Anon, "Now Cadets have a carriage of convenience!", in *Vaal Ster*, 09-13.02.1987.

[127] Anon, "TS Bounty takes award", in *Vaal Ster*, 09-13.10.1989.

[128] Anon, "Local cadets excel", in *Vaal Ster*, 10-14.06.1991.

[129] Anon, "Die trots van TS Bounty", in *Vaalweekblad*, 30.08.1985.

[130] Anon, "Another 'signal' achievement for TS Bounty", in *Vereeniging en Meyerton Ster*, 11-15.05.1987; Anon, "Navy chief at TS Bounty", in *Vaalweekblad*, 22.05.1987.

die vlootkadette 'n erewag gevorm het. Oor die geleentheid het *Paratus* die volgende berig:

> When it comes to precision drillwork and discipline, the cadets of the Training Ship Bounty in Vereeniging proved that they are every bit as competitive as their senior colleagues in the South African Navy.[131]

Die TS Bounty is as die beste vlootkadetafdeling in die land beskryf.[132]

Op 29 Julie 1989 het die TS Bounty sy eerste vlootbonddans in die stadsaal van Vereeniging gehou. Die gasspreker tydens die geleentheid was skout-admiraal Ray Ebelein van die vloothoofkwartier. Skout-admiraal Ebelein het tydens die geleentheid beklemtoon dat slegs jeugdiges wat in die vlootkadette gedien het, 'n vooruitsig op 'n loopbaan in die vloot gehad het. Die feit dat vlootkadette reeds die grondbeginsels van die vlootwese geleer het, kon die vloot baie ure aan opleiding bespaar.[133] Die verskillende vlootkadetbasisse het jaarliks aan 'n inspeksie deelgeneem.[134]

Skole kon vanaf 1990 self besluit of hulle kadetafdelings by ander weermagsdele sou affilieer. Die Vaal High School was die eerste skool wat besluit het om sy kadetorkes by die vloot te laat affilieer. Die stap het onder die nuwe Burgerskap Onderwysprogram moontlik geword.[135] Die prestasie van die kadetafdeling van die Vaal High School was van so 'n aard dat die hoof van die vloot se aanbevelingstoekenning vir burgerlikes in Desember 1990 aan hulle toegeken is.

---

[131] G. Pentopoulos, "Cadets promote image of the SA Navy", *Paratus*, 38(8), Augustus 1987, p. 39.

[132] Anon, "Another 'signal' achievement for TS Bounty', in *Vereeniging & Meyerton Ster*, 11-15.05.1987.

[133] Anon, "TS Bounty needs more crew: Join the Navy – take the first steps here in Vereeniging!", in *Vaal Ster*, 13-17.02.1989; Anon, "Only clear entry into SA Navy", in *Vaalweekblad*, 11.08.1989; Vgl. ook Anon, "SA vlootkadetkorps: Liefde vir die see en RSA vier hoogty', *Paratus*, 33(10), November 1982, p. 21.

[134] Anon, "Foto: Die vlaghysing word gedoen net voor die aankoms van die offisier van inspeksie", in *Vaalweekblad*, 30.08.1985; Anon, "Foto: Commodore Spook Trainor of the Navy(right) inspected the annual stand down parade of the TS Bounty ...", in *Vaal Ster*, 10-14.12.1990.

[135] Anon, "Vaal High pupils all at sea?", in *Vaal Ster*, 08-12.07.1991.

Dit was die eerste keer dat dié toekenning aan 'n skool gemaak is.[136] Verskeie lede van die Vaal High School se vlootkadette het gedurende Maart 1992 onder meer kursusse in leierskap en gevorderde kursusse bygewoon.[137]

## 8.6 KLEUTERSKOLE

Pogings van die weermag om ook kleuters te bereik, was deel van kommunikasie-operasies (komops). Dit was bedoel om 'n goeie gesindheid tussen die weermag en die gemeenskap tot op alle vlakke te laat uitkring. Die doel van die skakeling tussen die weermag en kleuterskole was dat die kleuters nie net die soldaat as 'n vegter moes sien nie, maar as iemand wat ander mense help.[138]

Die Sasolburg Kommando het in sy jaarverslag van 1986 gemeld dat komops by 'n blanke kleuterskool in daardie jaar 'n reuse sukses was.[139] Kleuters van die Vrolike Vinkies-kleuterskool en crèche, asook die Hendrik van der Bijl-hospitaal se kleuterskool en crèche het groot opwinding in Desember 1987 beleef toe 'n Buffel gepantserde troepedraer van die Iscor Kommando Kersvader gebring het en die kinders daarna in die voertuig kon ry.[140] 'n Soldaat wat op Oshakati gestasioneer was en gedurende Julie 1988 sy ouers op Vanderbijlpark besoek het, het sy seuntjie van twee jaar, wat in 'n volledige weermaguniform uitgedos was, aan die *Vaalweekblad* voorgestel.[141]

---

[136] Anon, "Vaal High's cadet band makes history", in *Vaal Ster*, 10-14.12.1990.

[137] Anon, "Vaal High cadets train in Simons Town", in *Vaal Ster*, 30.03-03.04.1992.

[138] Vgl. Anon, "Kleuters laat PE se soldate bontstaan", *Paratus*, 32(12), Desember 1981, p. 8.

[139] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Sasolburg: Volume 3, Jaarverslag 1986, Aanhangsel J, 31.03.1987, p. 5.

[140] Anon, "Foto: Die opwinding het sommer hoog geloop ...", in *Vaal Ster*, 07-11.12.1987.

[141] Anon, "Foto: Hennie van Deventer in militêre uniform", in *Vaalweekblad*, 15.07.1988.



Illus. 71: Kleuters van die Vlinderlinde versorgingsentrum tydens 'n besoek aan die Regiment Vanderbijlpark.

Bron: Anon, "Foto: Hierdie twee kordate soldaatjies", in *Vaalweekblad*, 20.10.1989.

Kleuters van die Vlinderlinde-versorgingsentrum op Vanderbijlpark het in Oktober 1989 'n besoek aan die Regiment Vanderbijlpark (RVB) gebring. Tydens dié geleentheid kon kleuters met staalhelms op hulle koppe spog en met R4-gewere poseer.[142] Dieselfde sentrum het in Desember 1989 'n konsert aangebied waar kleuters deelgeneem het aan 'n opvoering, waartydens hulle verskillende uniforms aangehad het. Die temaliedjie wat deur die kinders gesing is was 'Stapsoldaatjie'.[143] Die Kommandement Vrystaat het op 2 Augustus 1989 'n weermagdag gehou waarby al die kleuterskole in sy verantwoordelikheidsgebied betrek is.[144]

Die Troepieland-kleuterskool op Vanderbijlpark het in Mei 1991 die RVB besoek waartydens kleuters met uitrustings en wapens geposeer het.[145] In Vereeniging het kleuters van die Jack and Jill-kleuterskool tydens 'n fantasie-kostuumparade uitrustings van eie keuse vertoon. Daar was onder andere 'n polisieman en 'n grensvegter.[146] Die Meyertonse kleuterskool het Groep 17 in Augustus 1992 besoek, waartydens kleuters oor 'n militêre radio kon praat, in 'n Casspir gepantserde troepedraer gery het en gesien het hoe die lugafweerkanonne werk.[147] Kleuters van die Drie Beertjies-kleuterskool van Duncanville het in April 1993 Groep 17 besoek waartydens hulle in en uit 'n Puma-helikopter getel is.[148]

---

[142] Anon, "Foto: Hierdie twee kordate soldaatjies het 'n voorsmakie gekry van hoe dit eendag gaan voel om 'n regte weermagman te wees", in *Vaalweekblad*, 20.10.1989.

[143] Anon, "Foto: Fiere soldaatjies elkeen met sy uniform aan", in *Vaal Ster*, 18-22.12.1989.

[144] DDD, Pretoria, Kmdt. Vrystaat, Eenheidsgeskiedenislêer: Parys kommando: Jaarverslag 1989.

[145] Anon, "Foto: Troepieland kleuterskool op Vanderbijlpark het onlangs by Regiment Vanderbijlpark besoek afgelê", in *Vaalweekblad*, 17.05.1991.

[146] D. Jensen, "Kleuters pronk in ander vere", in *Vaalweekblad – fokus 7*, 26.07.1991.

[147] Anon, "Kleuters besoek Groep 17", in *Vaalweekblad*, 23.08.1992.

[148] Anon, "Kleuterskool maak nader kennis met weermag", in *Vaalweekblad*, 09.04.1993.

## 8.7 DIE BEVEILIGING VAN SKOLE

Die moontlikheid is destyds in berekening gebring dat skole die teiken van stedelike terrorisme kon word en dáar is gevoel dat voorkomend opgetree moes word. Die vernaamste voorbereidings by die Vaaldriehoekse skole was die aanbring van lemmetjiesdraad en sterk beligting op skoolterreine.[149] Rondom 16 Junie 1986 is verskerpte veiligheidsmaatreëls by die Vaaldriehoekse skole getref. Een skool het byvoorbeeld gedurende dié tyd alle buitemuurse aktiwiteite gekanselleer, terwyl die leerlinge al hulle besittings by die skool in een tas moes dra wat ten alle tye by hulle moes wees.[150]

Na die Eikenhof-voorval in April 1993 het die polisie en die weermag alle skoolbusroetes in die Vereeniging-omgewing gepatrolleer.[151] Sommige onderwysers het selfs gewapen skool toe gegaan. Die Transvaalse Departement van Onderwys het om hierdie rede 'n omsendbrief oor die situasie aan alle skoolhoofde van die Vaaldriehoek gestuur om dié praktyk te staak. Alhoewel skole stappe moes doen om die voortsetting van die onderwysprogram te verseker, was dit egter nie vir die departement aanvaarbaar dat onderwysers in uniform en opsigtelik gewapen aan beskermingsaksies meegedoen het nie.[152] Die burgerlike beskerming van Vereeniging het vraelyste aan skole gestuur waarin besonderhede rakende die buskontrakteurs, die roete wat skoolbusse gevolg het en die veiligheidsmaatreëls wat by skole bestaan het, ingevul moes word.[153]

---

[149] MAV, p. 26. 12111999, Le Roux, P.C., (58) Drie Riviere; Vgl. ook G. Evans, Classrooms of war: The militarisation of white South African schooling in J. Cock & L. Nathan (eds.), *War and society: The militarisation of South Africa*, p. 291.

[150] Anon, "Security is part and parcel of school life", in *Vaal Ster*, 20.06.1986; Vgl. ook MAV, p. 25. 12111999, Le Roux, P. C., (59) Drie Riviere.

[151] Anon, "Begelei busse", in *Vaalweekblad*, 02.04.1993; Sien ook hoofstuk 4, die Eikenhof-voorval; MAV, p. 25. 12111999, Le Roux, P. C., (59) Drie Riviere; MAV, p. 81. 22022000, Coetzee, E. R., (47) Risiville.

[152] Omsendbrief van mnr. L.W.C. Henderson, Kring Superintendent van Onderwys, aan alle skoolhoofde LE 39 & 40, 31.03.1993.

[153] Lêer A, Gerrie Deyzel, Eikenhof-voorval, Burgerlike beskerming Vereeniging: beskerming beskerming van skole, busse.

Teen Mei 1993 was gerugte in omloop dat *die Congress of South African Students* (COSAS) blanke skole op 6 Mei 1993 wou beset. Die polisie, die weermag en die buurtwagte van die Vaaldriehoek is daarom op 'n gereedheidsgrondslag geplaas. Kommandant Melt Esterhuysen van Groep 17 en maj. Piet van Deventer van die polisie het gesê dat die veiligheidsmagte voorbereidings getref het om die ergste gebeure te kon hanteer. Ouers en kinders is ook gemaan om paraat te wees en daar is vergaderings met skoolhoofde gehou. Die reaksie uit blanke geledere was 'n vergadering van die Mynwerkersunie. Die organiseerder van die organisasie in die Vaaldriehoek het gesê: "Ons is reg vir enige gebeure".[154]

## 8.8 SAMEVATTING

Die persepsie van 'n totale aanslag teen die land het meegebring dat die jeug by die verdedigingspoging betrek is. Kinders moes van jongs af 'n positiewe ingesteldheid ten opsigte van die weermag ontwikkel en kleuterskole sowel as hoërskole is hierby betrek. Daar is gepoog om die jeug se belangstelling deur middel van wapenuitstallings, praatjies en besoeke aan militêre basisse te prikkel. Op hoërskoolvlak is die jeug deur middel van jeugweerbaarheid oor die aanslag ingelig, terwyl daar by alle skole uitgewerkte noodplanne was. Veldskole het die jeug ideologies onderrig en fisies weerbaar gemaak.

Skoolkadette het beoog om seuns vir diensplig voor te berei. Kultuurorganisasies soos die Voortrekkers en die *Boys Brigade* het ook militêre aspekte in hulle programme geïnkorporeer. Dié organisasies het aktief met die weermag geskakel. Die veiligheidsituasie aan die einde van die tagtigerjare het meegebring dat skole hulself begin beveilig het. Die wyse waarop kinders gespeel het, is ook deur die militariseringsproses beïnvloed.[155]

---

[154] Anon, "Skole talle reg om te keer", in *Vaalweekblad*, 21.05.1993; Suid-Afrika (Republiek), *Debatte van die parlement: vyfde sessie, negende parlement*, no. 18,24-28 Mei 1993, kolom 8916.

[155] Sien ook hoofstuk 13.